# BOEKBESPREKINGS

Douma, J. en Velema, W. H.: *Polio – Afwachten of afweren?* (In die reeks: Ethisch Commentaar). Amsterdam. Bolland.

Tydens 'n polio-epidemie enkele jare gelede in Nederland is daar van owerheidsweë 'n inentingskampanje gevoer. Toe het dit aan die lig gekom dat daar nog heelwat mense is wat gewetensbesware teen inenting het. In oorleg met die Staatsekretaris van Volksgesondheid en Milieuhigiëne het professore J. Douma en W. H. Velema daartoe oorgegaan om 'n publikasie gereed te maak oor die inentingsvraagstuk. Hulle het wyd en syd nie net in Nederland nie maar ook in die buiteland inligting ingewin oor die gevoelens van Christene oor hierdie saak. Is dit werklik 'n gebrek aan vertroue op God se voorsienigheid as 'n mens jou laat inent? Hoe moet daar oor verpligte inenting geoordeel word? Na 'n historiese oorsig van die stryd teen en vir inenting in vorige eeue, gee die skrywers deeglike eksegese van Skrifplekke soos Ex. 15 : 26, Matt. 9 : 12, Spreuke 22 : 3, 27 : 12 wat gewoonlik in die diskussie rondom inenting te berde kom.

Hulle kom tot die konklusie dat die inenting teen siektes soos pokke en polio medies en eties heeltemal verantwoordbaar is. Die Skrif gee self voorskrifte om siekte af te weer (bv. melaatsheid, Lev. 13, 14). Op voetspoor van wat Calvyn in sy Institusie oor die voorsienigheid van God sê, stel die skrywers dat die gebruik van middele nie die vertroue op God ophef of daarteen indruis nie maar dat die voorsienigheid juis vertrouensvolle medewerking om die kwaad te stuit, impliseer.

Ek is nie bewus dat verpligte inenting vir Gereformeerde mense in Suid-Afrika nog 'n gewetensvraagstuk is nie. Die student in etiek sal desondanks hierdie boek geniet omdat dit van pragtige wetenskaplike aanpak en styl getuig. – P.W.B.

Van der Walt, I. J.: *Defining Ethonology and Religious Science.* Potchefstroom: Universum. 1982. 176 p. Prys: R7,50

Die studie is die verwerking van 'n Magister-verhandeling. Dit gee aandag aan die dissiplines van die Godsdienswetenskap en die Volkekunde, hoe hulle afgebaken behoort te word en wat die verhouding tussen die twee moet wees.

In die inleidende en oriënterende gedeelte word aandag gegee aan die verklaring van die *begrippe* wat as apparaat gebruik word, o.m. Etnografie, Antropologie, Etnologie (Volkekunde), Religiologie (Godsdienswetenskap) en Kultorologie (Kultuurkunde).

Vervolgens word aandag gegee aan die *plek* wat die bestudering van die godsdiens in die Etnologie verower het. Die skrywer toon aan dat die studie van die Religie op 'n eie plek geregtig is en erkenning moet kry as outonome vakwetenskap. 'n Breë ensiklopediese oorsig van die plek van sowel die Etnologie as die Religiekunde t.o.v. hulle onderlinge verbintenisse en verwante dissiplines word gegee. So word die gemeenskaplike studieveld tussen die twee afgebaken. Uit die gemeenskaplike studieveld word 'n drieërlei fenomeen vir behandeling willekeurig gekies, nl. Manisme, die Mite en die sg. Onafhanklike godsdienstige bewegings. In die behandeling word gewys hoe hierdie drie fenomene bestudeer kan word, elkeen vanuit sy eie blikrigting.

Die besondere waarde van die studie lê daarin dat dit as 'n gespreksbasis kan dien om die verwarring wat bestaan tussen die studievelde van die Godsdienswetenskap en die Volkekunde op te klaar, veral waar baie die godsdiens as 'n onderafdeling van die Volkekunde beskou. – M. Venter.

Dr. C. Trimp: *Media Vita; De Betekenis van de Gereformeerde Ambtsleer voor de "Humaniteit" in de Kerkelijke Zielszorg*, Uitgeverij de Vuurbaak bv, Groningen, 1981, 80 p, prys f17,50.

Hoewel breër uitgewerk en ietwat anders georden, bevat hierdie boekie die rede wat dr. C. Trimp by geleentheid van die herdenking van die 127e bestaansjaar van die "Theologische Hogeskool te Kampen" gehou het. Persone wat hierin 'n handboek vir "pastoraal" wil soek sal teleurgesteld wees en ook immers 'n fout begaan want dit is nie die bedoeling van die skrywer nie. Die bedoeling van die skrywer is om die kerngedagtes van die modernistiese rigting in die sielsorg, wat vandag wêreldwyd veld wen, te ontleed en te toets aan die Skrif en belydenis soos verstaan deur die Reformatoriese Teologie.

Hy wys aanvanklik daarop dat daar gedurende hierdie eeu wat die pastoraal betref, baie ontleen is aan die antropologiese wetenskappe, veral op die psigies-sosiale vlak. Hy meen dit is die roeping van die Gereformeerde teologie om homself ten opsigte daarvan te verantwoord en standpunt in te neem.

Hy stel as probleem of die gereformeerde leer van die sleutelmag van die kerk, in hierdie eeu met sy talle hulpverleningsmodelle, nog toereikend is om die amptelike werk van die sielsorg genoegsaam te bepaal? In hierdie verband word die Gereformeerde standpunt vanuit 'n sekere rigting as *docetisme* bestempel aangesien dit die humaniteit van die mens as indiwidu sowel as in sosiale verband asook die humaniteit van Christus sou ignoreer.

Skrywer toon aan dat die Reformatoriese Teologie, veral by Calvyn in die pastoraal uitgegaan het van die sleutelmag wat aan die kerk toevertrou is. In die toepassing daarvan staan die begrippe *doctrina* en *disciplina* voorop. Die doctrina is geen koue leer wat in die lug bly hang nie, maar wil hom vestig in die harte van mense om vandaar uit hul lewens te vernuwe. Daarom het die private vermaninge in die pastorale gesprek as hulpmiddel vir die doctrina gekom. Die private vermaninge het in geval van hardnekkige weerstand verskerp tot vermaan in die kader van die kerklike tug of disciplina. So is dit dan in sulke gevalle die doctrina wat met behulp van die disciplina as middels gebruik word om die sondaar te bearbei.

Trimp se ontleding van die moderne opvatting in verband met die pastoraat is van groot belang. Die kern van hierdie opvattinge bots direk met die Skrif en Gereformeerde Belydenis soos deur die Reformatoriese Teologie verstaan. In gemelde opvattinge is die inloed van die moderne antropologie nie alleen duidelik sigbaar nie, maar dit blyk ook dat die resultate van gemelde wetenskappe meer en meer gebruik word as grondslae vir die sielsorg. 'n Voorbeeld hiervan is bv. die mensbeskouing van die moderne rigting in die sielsorg. Die moderne filosofiese antropologie sien die mens as 'n soekende wese. Hy soek sy pad na die toekoms. Daarvoor het hy raad en hulp nodig. Hy wil vir homself 'n

toekoms realiseer waarin hy vry kan word van al die dinge wat hom bind. Hy bevind homself in 'n wêreld van angste, bindinge en so baie dinge wat geen sin maak nie.

Hierby wil die moderne rigting in die pastoraat nou aansluit en beweer dan dat die mens in sy soeke na groter selfrealisering hulp nodig het om die betekenis van sy bestaan te begryp. Trimp verwys na skrywers soos Heitink en Stollberg. Laasgenoemde het so ver gegaan om te sê: "Seelsorge dient nich dem Christsein, sondern dem Menschsein".

In die sielsorg moet die kerk nou 'n helpende hand bied aan die mens in sy soeke na selfrealisering. Die sielsorger moet die mens nie as *sondaar* sien nie maar as *skepsel.* Die mens is wel nie volmaak soos hy in die Paradys geskape is nie – hy is 'n gebroke verskeurde wese wat diep onder die indruk is van die sinloosheid van sy bestaan. Dit is reeds om daardie rede dat hy hulp nodig het. Hierdie besef van gebrokenheid is egter nie dieselfde as die ellende van die mens vanweë die sondeval soos die reformatoriese teologie op grond van die Skrif leer nie.

Hierdie dwaling vloei weer voort uit 'n verwronge Skrifbeskouing. Wat in Genesis 1–3 verhaal word, aanvaar hulle nie as gebeurtenisse wat kronologies op mekaar volg nie, nl. 'n vlekkelose Skepping – sondeval met die vloek daaraan verbonde – aankondiging van verlossing deur die Een wat uit die vrou gebore sou word. Vir hierdie rigting is die eerste drie hoofstukke van Genesis maar een verhaal waarin aan ons vertel word van die skepping as die eerste aanloop tot die heil. Omdat die mens 'n skepsel is was hy van die begin af 'n onvoltooide wese. Daarom is sy lewe dan ook van die begin af 'n waagstuk. Die mens is ook nie skuldenaar voor God nie. Die aksente wat die reformasie op die skuld en sonde van die gevalle mens voor God gelê het, is deur die moderne pastoraat verskuif na die onvolkomenheid van die mens as skepsel.

Maar hoe moet die pastoraat nou bedien word volgens hierdie rigting?

In kort kom dit hierop neer: Met die gebroke mens moet 'n gesprek gevoer word waarin die seilsorger sy solidariteit met die gebroke, soekende mens betoon en waaruit blyk dat hy hom aanvaar het. Hierdie werk mag nie amptelik plaasvind nie en van verkondiging mag daar ook geen sprake wees nie. Want dit is outoritêre optrede wat heeltemal verbode is. So verloor die verkondiging van genade en skuldvergewing ook sy sentrale plek want die nood van die mens word nie meer gesien as die ellende waarin hy verkeer vanweë sy sondeskuld nie. Sy nood word slegs gesien as die verkeerdheid van sy bestaan ten opsigte van homself en sy naaste.

Bogenoemde is slegs 'n paar grepe uit die rede van Trimp om die aktualiteit van ontdekkende waarde daarvan vir die Gereformeerde teoloog aan te toon.

Besonder waardevol is ook die dwalinge wat hy by hierdie rigting aantoon in verband met die Triniteitsleer en Christologie van die Skrif.

Trimp teken vir ons voorwaar 'n verwronge opvatting van die pastoraat voor oë soos die moderne rigting dit sien. Wanneer die vraag gestel word of kerklike sielsorg nog 'n eie karakter het, verwonder dit ons ook nie as Stollberg praat van "psigoterapie in kerklike konteks" en W. Niedhart van "lewenshulp in kerklike konteks". D. Hoch plaas die kroon daarop wanneer hy die taak van kerklike sielsorg formuleer as: *hulp tot menswording in eskatologiese konteks.*

Trimp dui ook sydelings die verband van hierdie rigting met die teologie van rewolusie aan. Die pastor mag die mens nie los sien van sy politieke en sosiale verband nie. Probleme, teenstrydighede en vervreemdingsmagte wat in die pad van selfrealisering staan moet ook in die pastorale gesprek betrek word, terwyl verandering van strukture as uiters belangrike doelwit gesien word.

Die moderne rigting sluit inderdaad aan by Schleiermacher wanneer hulle die koninkryk van God sien as die ideale toestand van die mensheid. Volgens Schleiermacher kan hierdie toestand bereik word langs die weg van *ewolusie*. Maar volgens die moderne rigting kan dit alleen bereik word langs die weg van *rewolusie* teen die bestaande strukture.

Wat die sleutelmag betref, is die gedagte by die moderne rigting dat niemand 'n sleutel nodig het om in die koninkryk van God in te gaan nie. Die rede daarvoor is dat die mens as *skepsel* reeds in die rigting van die koninkryk leef, want dit is 'n neiging wat inherent in die mens teenwoordig is. Die mens het slegs een sleutel nodig nl. die sleutel om jouself te ontsluit. Daarvoor het hy hulp nodig en dit is die hulp wat die sielsorg aan hom moet gee.

Langs hierdie weg wys Trimp dan aan dat die moderne rigting die Skriftuurlike gedagte van die aanwending van die sleutelmag in die sielsorg langs die weg van doctrina en disciplina heeltemal verwerp en afskeid geneem het van die Reformatoriese Teologie.

Ten slotte toon hy positief aan hoe die sielsorg volgens Skrif en belydenis wel deeglik te doen het met die sleutelmag wat aan die kerk toevertrou is. In hierdie verband behandel hy op 'n insiggewende en sinvolle wyse die begrippe verkondiging en vergewing, tug en heiliging, raad en wysheid. Hy doen dit op so 'n wyse dat elke pastor daar veel uit kan put ten opsigte van sy dienswerk.

Ek kan hierdie boeke met groot vrymoedigheid aanbeveel vir elke gereformeerde predikant en teoloog. Dit is 'n helder basuinstoot in 'n wêreld van groot teologiese verwarring en onsekerheid. – LJB.

W. H. Neuser e.a. *"Calvinus Reformator. His Contribution to Theology, Church and Society"*, Instituut vir Reformatoriese Studies, P.U. vir C.H.O., 1982. Prys: R7,00

In hierdie versamelwerk vind ons die voordragte wat gelewer is by geleentheid van die eerste Suid-Afrikaanse Kongres met die oog op Calvynnavorsing. Die voordragte wissel wat betref die lengte en die gehalte daarvan. In 'n versamelwerk is dit te begrype.

Al die bydraes wat in Afrikaans gelewer is, is in Engels vertaal. Daar word gehoop dat 'n wêreldwye leserskring langs dié weg bereik kan word. Daarom temeer is dit jammer dat soveel spelfoute voorkom. Die talle spelfoute is vir die gemiddelde Afrikaanse leser soms selfs verwarrend. Vir die Engelssprekende leser sal dit beslis irriterend wees – een voorbeeld: op bladsy 187 word gepraat van "the working of the Hoy Spirit." Was daar ietwat van 'n oorhaastigheid by die finale afwerking van die publikasie?

Wat die *inhoud* betref, elke predikant, teoloog en denkende gelowige sal dit uiters insiggewend en prikkelend vind. Daar word uiteenlopende standpunte gestel deur sprekers uit verskillende denkrigtings. Plek-plek staan sprekers diametraal teenoor mekaar wat betref hul opvattings

oor Calvyn se uitgangspunte, standpunte en invloed in die wêreld van teologie, kerk en samelewing. Een ding is egter seker: "John Calvin of Geneva" (soos prof. A. D. Pont dit gestel het) "is still a factor of importance in South Africa and in our theological and academic work" (bladsy v).

Die versamelwerk bestaan uit referate, opstelle en inleidinge tot diskussies oor Calvyn, altesaam 26 in getal. Dit handel oor: *Calvyn-navorsing* op internasionale vlak (prof. W. H. Neuser), in die Engelssprekende kerklike wêreld (prof. J. A. B. Holland), in die Afrikaanse teologie (dr. D. Kempff) en te Calvin College (prof. C. J. Vos). *Dr. W. Balke* se bydrae: *"Calvin and the theological trends of his time"* dra baie by tot 'n beter begrip van Calvyn se presiese plek en invloed in die kerklike en teologiese wêreld.

Ander uitstaande artikels is: "John Knox and the Word of God: A comparison with John Calvin" (prof. V. E. d'Assonville). Die bydraes van proff. H. W. Rossouw en L. Floor oor die hermeneutiek van Calvyn. "John Calvin and the Protestant hymns" (dr. W. J. B. Serfontein). "Calvin's Cannon Law and Influence on Churches in South Africa" (prof. B. Spoelstra). Die bydraes van proff. P. W. Buys, L. F. Schulze en mnr. J. J. Snyman oor Calvyn en die Kuns.

Afhangende van elke resensent se belangstellingsveld, sou ander bydraes miskien weer uitgesonder kon word as uitstaande. Daarom word slegs die name van die ander sprekers op die kongres genoem wie se bydraes in die bundel opgeneem is (behalwe die voorwoord, inleiding en welkomswoord deur prof. B. J. van der Walt, dr. A. J. van Rooy en dr. H. Muller onderskeidelik): Proff. H. W. Simpson, F. J. M. Potgieter, N. T. van der Merwe, B. J. van der Walt, P. E. Hughes, P. C. Potgieter, T. H. L. Parker, B. Engelbrecht, B. J. Engelbrecht, dr. J. W. Hofmeyr, proff. J. B. Torrance en J. H. Heyns.

In dié artikels kom o.a. onder die soeklik: die verskillende uitgawes van Calvyn se Institusie, veral die "Editio Princeps" (1536); Calvyn se wysgerige agtergrond; 'n vergelyking van die Renaissance en die Reformasie; Calvyn se voorloper in Frankryk: D'Etaples; Calvyn en die Puritanisme in Engeland en Skotland.

Wie op hoogte wil kom met die jongste beskouinge oor Calvyn en sy invloed op teologie, kerk en wêreld vandag, moet dié belangwekkende werk lees. Selfs van die ietwat onsimpatieke benadering van prof. J. A. B. Holland in sy bydrae: *"Research on and influence of Calvin in the English-speaking ecclesiastical sphere"* moet ernstig kennis geneem word.

Gesien die wye verskeidenheid onderwerpe wat behandel word, sou 'n naam- en sakelys die waarde van die werk aansienlik verhoog het. – Ph. Snyman.

L. Floor: *Die evangelie van die koninkryk*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria. 1981; 109 bll; R6,00.

Dit is duidelik dat die skrywer in hierdie werk nie oor die begrip "koninkryk" wil "teologiseer" nie, maar dat hy duidelike lyne wil trek oor die verkondiging van die koninkryk. Hy poog doelbewus om hierdie lyne toe te pas op hedendaagse vraagstukke en dit maak van hierdie boek 'n aktuele naslaanwerk.

Volgens die sub-titel van die boek word vyf aspekte van die evangelie van die koninkryk onderskei en behandel, nl. die persoonsaspek, die woordaspek, die geesaspek, die kerklike aspek en die sosiale aspek. Hierdie vyf-ledige onderskeiding dek die hele veld van die verkondiging van die koninkryk, maar dat daar duidelike oorvleuelinge is, blyk uit die behandelde materiaal. Een so 'n duplisering kom voor as F. die strukture van die koninkryk onder die geestelike aspek van die koninkryk (hoofstuk 4, bl. 47 e.v.) behandel terwyl dit veel beter by die sosiale aspek (hoofstuk 6) sou gepas het. F. se eie definisie van 'n struktuur, nl. "alles wat maar iets of iemand, dinge of mense saambind" (bl. 50) gee die indruk dat strukture 'n sosiale betekenis het, soos dit trouens blyk uit die verhouding van die koninkryk tot die staat (aardse ryke) in hoofstuk 6. Die staat is by uitnemendheid 'n struktuur wat "mense saambind". 'n Verdere vraag oor hierdie dubbele behandeling van die strukture is of F. se standpunt nie duideliker na vore sou kom as hy dit in 'n eenheid gedoen het nie. Die probleem is dat hy in hoofstuk 4 sy standpunt kontrasteer met die standpunte van moderne teoloë (Verkuyl, Berkhof, Kuitert) en in hoofstuk 6 (bl. 93 e.v.) sy standpunt formuleer na aanleiding van die stellings van die hervormers (Luther, Oecolompadius, Bucer, Calvyn), Dit lei daartoe dat F. in hoofstuk 4 die koningskap van Christus beklemtoon en in hoofstuk 6 die kruis van Christus. 'n Sintese van gegewens kon moontlik tot 'n gekonsolideerde standpuntstelling gelei het.

'n Mens het groot waardering vir die wyse waarop die skrywer toepas wat hy as uitgangspunt neem, nl. om nie in ons eie tyd te begin en so lyne van die hede na die verlede te trek nie (soos by Kuitert en Schillebeeckx), maar om van die verlede, in hierdie geval rondom die begin van die Christelike jaartelling, lyne te trek na die hede (bl. 5). Trouens, F. begin deur die wortels van die koninkryksgedagte reeds in die Ou Testament aan te dui en toon aan hoe dit die basis was vir die prediking van Jesus en Johannes die Doper. Dit lei ook daartoe dat hy hom duidelik stel teenoor die uitlopers van die bevrydingsteologie wat die koninkryk van God veruitwendig. Hy maan ook teen 'n eensydige horisontalisering van die koninkryk ten koste van die vertikale verhouding tot God. Waar dit gaan oor die taak van die koninkryk van God teenoor die aardse ryke, stel F. die verkondiging van die evangelie van die koninkryk as eerste (en tans byna die enigste) taak van die kerk ten opsigte van misstande in aardse ryke (bl. 98 e.v.). Dit bied die basis vir die kerk om die wêreld met Skrifgefundeerde argumente te antwoord en nie in politieke diskussies ingesleep te word nie. Hiervoor gee F. 'n duidelike begronding.

Sekere stellings oor die koms van die koninkryk en die werk van die Heilige Gees is onduidelik en selfs teenstrydig met mekaar. Enersyds verwerp F. die bewering van Dodd dat "naby gekom" (Matt. 3 : 3; 4 : 17) sou beteken "het gekom" op grond van die feit dat die koms van die koninkryk vir Johannes die Doper en Jesus nog in die toekoms sou lê (bl. 43). F. baseer sy bewering op Matt. 26 : 29 en Mark. 9 : 1 in verband met Matt. 16 : 28 waar Christus praat van die koninkryk wat (met krag) sal kom. Dit lei die skrywer tot die bewering: "Toe die Heilige Gees op Pinkster en Jerusalem in die kerk uitgestort is, toe Jesus sy kerk met die Heilige Gees gedoop het, het die koninkryk van God op aarde gekom" (bl. 43, ook op bl. 93). Maar op bl. 24 stel F. dat "wanneer

die Sinoptiese Evangelies oor die koms van die koninkryk spreek, word onder hierdie koms verstaan die koms van die Menseseun . . .". En op bl. 44 beredeneeer F. dat die Heilige Gees reeds aan die begin van die Evangelies blyke gee dat die koninkryk deur sy werk kom (bv. Jesus se ontvangenis deur die Heilige Gees en sy toerusting deur die Heilige Gees). Dit is dus nie duidelik hoe die skrywer die koms van die koninkryk enersyds as die Pinksterdatum en andersyds as die koms van die Menseseun kan aandui nie. Is die antwoord dat ons onderskei tussen die koms van die Koning en die werwing van onderdane vir daardie Koning? (vgl. op bl. 45).

Dit sou baie verhelderend gewees het as die skrywer aan die einde van elke hoofstuk 'n samevatting gebied het. Aan die einde van hoofstuk 5 (die verhouding koninkryk en kerk) sluit die skrywer af met kommentaar op H. N. Ridderbos se standpunt en voel 'n mens die behoefte baie sterk aan dat 'n samevatting van hierdie besondere hoofstuk 'n hoogtepunt sou gewees het.

Hierdie enkele kritiese opmerkinge moet niks afdoen aan die pragtige onderskeidinge in hierdie werk nie. Die skrywer se verklaring van die gelykenis van die saaier wys aan dat die koninkryk die kiemkrag van die saad is (bl. 35 e.v.) en sy uiteensetting van Matt. 16 : 17–19 (bl. 63 e.v.) en Matt. 18 : 15–20 (bl. 70 e.v.) is van belang vir elkeen wat oor die sleutelmag van en die tug in die kerk nalees. Die teksregister agterin verhoog die gebruikswaarde van die boek en die netjiese afwerking en goeie taalgebruik van die skrywer maak dit 'n aangename boek om te lees. – Schutte Venter.

C. Trimp: *Zorgen voor de Gemeente.* Het ambtelijke werk vir ouderlingen en diakenen toegelicht. 1982. Van den Berg, Broederweg 6, Kampen. 266 p.

Na twee algemene artikels oor "De weg van het ambt" handel ongeveer tien sketse in elke afdeling agtereenvolgens oor die "werk" van ouderlinge en diakens. Hoewel 'n behoefte aan 'n handboek in eietydse vormgewing bestaan, bied die skrywer met besef van die gebreke van so 'n metode 'n bundel van sy sketse en referate oor die onderwerp aan. Dit lei soms tot herhaling (bv. 107, 116 ens.) of 'n meer populêre geselstrant (126). Tog is die publikasie in geheel prikkelend en opbouend.

Die onderwerpe soos die ouderling as voorganger van die gemeente, die ouderling op huisbesoek, sielsorg en psigiatriese sorg, toesig op jeugverenigings, die ampsgeheim, die diakonaat in hierdie tyd, nagmaal en diakonie, arbeidsveld en aandagveld, die diaken en kerkraad, die diaken en meerdere vergaderinge word nie stereotiep nie en ook nie op los skroewe as "modern" aangebied nie. Trimp wys inteendeel die nuwe belangstelling vir die ouderling as lekepastor af omdat die Goddelike roeping tot die amp daarin gemis word (67). Hy breek met goeie reg weg van die "systematiek" wat die ampte uit die drie ampte van die "amp van gelowige" verbesonder (48); verwerp die A. Kuyper en H. H. Kuyper se skematisme wat gelei het tot probleme m.b.t. die verhouding kerkraad en jeugverenigings en gelowiges die reg tot evangelisasiewerk ontneem het (53, 136).

As behoudende Gereformeerde skrywer is Trimp, m.i. tog nog gedeeltelik slagoffer van die tipiese Nederlandse institusionalisme wat eerder

die liggaam kerkraad as die besondere van "amp" (ek sou "ouderling" bo "amp" verkies) as basis neem. Die "amp" word m.i. so amptenaar kragtens "opdracht van de kerkeraad" (58, 39). Mag 'n "kerkraad" iemand "magtig" om namens Christus op te tree? Roeping tot 'n bepaalde omlynde diens en verantwoording aan Christus verdien in ons tyd nuwe waardering bo die formele begrip "amp".

Ek wil waardeer dat Trimp tog Woordgesag teenoor die vroeëre aksent op ampsgesag en kerkgesag sterk na vore bring. Gesag is nie in die spreker of die amp geleë nie, maar berus in die gesprokene (53). Kerkregering moet geskied in 'n proses van "groeiende eenstemmigheid" tussen kerkraad en gemeente (28). Trimp verwys meermale na die in Kampen gepromoveerde S. G. Huh se proefskrif (1972) "Presbyter in volle rechten." Hy dui tereg aan hoe die Calvyn-tradisie en Bevestigingsformuliere die ouderlingamp d.m.v. 'n "aftrek-methode" t.o.v. die predikantamp gedevalueer het en die "domineeskerk" bevorder het (33, 42–46). Hier stel hy kritiese vrae t.o.v. sommige "gereformeerde" heilige en formele koeie: Hang die "karakter" van 'n erediens as 'n ontmoeting van God en sy volk af van *wie* voorgaan? Christus is altyd aanwesig – waarom mag die voorganger dan nie votum en seëngroet gebruik nie? Hoe durf 'n lidmaat gevra word om in 'n "leesdiens" voor te gaan, wanneer die predikant afwesig is, terwyl daar bepaalde *voorgangers* in die kerk geroep en bevestig is (58)?

Die werk bevat waardevolle gesigspunte op gemeenteopbou, huisbesoek (liefs deur twee met opvolging deur een), gevaar dat huisbesoek in justisiële bloedarmoede (81) of 'n piëtistiese samespraak ontaard. Hoewel sterk kerkraadsentries in sy benadering van huisbesoek (82) wys hy tog formalisering deur skriftelike rapport af en lê die klem op die bediende Woord. Gesprekstegniek verdien aandag en sielsorg moet nie in psigiatriese sorg ontaard nie. Die werk kan van harte aanbeveel word. – B.S.

De Ru, G. 1981. *Heeft het lijden van Christus aanvulling nodig? Onderzoek naar de interpretatie van Colossenzen 1 : 24:* Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland, 101 p. Verkrygbaar by: Die Verenigde Protestantse Uitgewers, Posbus 1822, Kaapstad, R8,99.

Die titel van hierdie werk dek die inhoud. Dit is 'n ondersoek na die interpretasie van Kol. 1 : 24, met toespitsing op die vraag: Het die lyding van Christus aanvulling nodig?

*Tipering en beoordeling van inhoud:*

*Hfst. 1: De brief aan de Colossenzen (p. 7–11):* Die skrywer slaag daarin om die ter saaklike gegewens vanuit die Besondere Kanoniek met betrekking tot hierdie brief bondig aan te bied.

*Hfst. 2: De Heer en zijn dienstknecht (p. 12–16):* In hierdie hoofstuk gee dr. De Ru 'n baie goeie en deursigtige gedagte-struktuurontleding van die onmiddellike verband waarin Kol. 1 : 24 voorkom. Die ter saaklike gedeelte van Kol. 1 verdeel en tematiseer hy soos volg: v. 15–23: Die al-omvattende betekenis van Christus as Skeppingsmiddelaar en Eersgeborene uit die dood; v. 24–29: Die diens aan die Evangelie, waartoe die apostel deur God geroep is.

Hy sê dat die bedoeling van laasgenoemde perikoop is om die gemeente daarvan te oortuig dat hulle – om hulle aan die volle en wettige

Evangelie te kan hou – hulle ook deur die geoutoriseerde en legitieme dienaars daarvan moet lei (p. 16).

*Hfst 3: Beknopte taalkundige analyse van Col. 1 : 24 (p. 17–38):* Met 21 vertalings illustreer De Ru die groot verskil van mening wat daar bestaan oor die interpretasie van hierdie vers. Hy gaan vervolgens daartoe oor om al die Griekse woorde van Kol. 1 : 24 onder die loep te neem.

Van elk van die Griekse woorde gee hy telkens eers 'n kort diakroniese gebruiksgeskiedenis. Vir die bepaling van die betekenis van die Griekse woorde in Kol. 1 : 24 is hierdie gegewens in feitlik al die gevalle nie werklik ter sake nie, en kan daarom net sowel weggelaat gewees het. In enkele gevalle word ook etimologies – verwante woorde se betekenismoontlikhede genoem. Ook hierdie gegewens is oortollig.

Tog is dr. De Ru se verdere behandeling van die woorde se betekenis oortuigend, wetenskaplik en helder. Sy gevolgtrekkings staan telkens op vaste grond. Die woorde wat hy onder die loep neem is: *Pathêma* (p. 19–23), *thlipsis* (p. 24–29), *husterêmata* (p. 30–34), *antanaplêroun* (p. 34–35).

Ander sake waaraan hy aandag gee is: 1) Die abrupte oorgang van v. 23 na v. 24. Hy gee egter nie werklik 'n bevredigende verklaring nie (p. 36). 2) Hy dui oortuigend aan dat die *kai* voor *antanaplerô* nie neweskikkend of motiverend is nie, maar dat dit naderverklarend is (p. 36). 3) Hy dui oortuigend aan dat *in my vlees* verbind met *antanaplerô*, en nie met *husterêmata* nie (p. 37). 4) Hy toon aan dat plaasvervangende lyding nie net van Paulus geld nie, maar tog van hom in 'n besondere sin (p. 37–38).

*Hfst 4: Pogingen tot interpretatie van Col. 1 : 24 (p. 39–71):* De Ru maak 'n insiggewende, verteenwoordigende en omvattende keuse uit klassieke en eie-tydse teoloë, en skets elkeen se interpretasie van Kol. 1 : 24 bondig maar tog omvattend. Die volgende teoloë word aan die woord gestel en geweeg: Luther (p. 39), Calvyn (p. 41), T. W. Grafer (p. 43), Charles Masson (p. 44), Karl Barth (p. 46), J. Kremer (p. 49), H. Berkhof (p. 51), C. H. Lindijer (p. 52), G. H. P. Thompson (p. 53), H. Ridderbos (p. 56), Alan Richardson (p. 58), H. Conzelmann (p. 60), Ed. Schweizer (p. 61), en etlike Rooms-Katolieke eksegete in die jongste tyd (p. 66–71).

*Hfst 5: De genitief-verbinding "de verdrukkingen van Christus" (p. 72–89):* De Ru behandel ses algemene standpunte, en gee daarna sy eie standpunt. Hierdie ses algemene standpunte is: 1) *Tou Christou* is 'n genitivus subjectivus, en *tôn thlipseôn* slaan op die lyding van die historiese Jesus (p. 73–75). 2) Soos nr. 1), maar *tôn thlipseôn* slaan ook op die apostels se lyding (p. 75). 3) Soos nr. 1) maar *tôn thlipseôn* is met betrekking tot die verheerlikte Christus as Hoof van sy Kerk (p. 75–81). 4) *Tou Christou* is 'n genitivus qualitatis (p. 81). 5) *Tou Christou* is 'n genitivus mysticus (p. 81–84). 6) *Tou Christou* is 'n genitivus causae/auctoris en objectivus (p. 84–86).

De Ru se eie standpunt sluit baie nou aan by nr. 6 hierbo. Hy kies naamlik saam met K. Barth, G. P. H. Thompson, Ed. Schweizer en Ed. Lohse vir 'n genitivus causae/auctoris en objectivus. Hierdie is 'n teologiese, verantwoorde en taalkundig verdedigbare oplossing. Hiervolgens word *verdrukkings van Christus* naderbepaal as verdrukkings

wat die apostel self ondergaan, vanweë Christus, aan die verkondiging van Christus verbonde, om Christus wil en ten behoewe van die Kerk in Kolosse.

*Hfst 6: De verdrukkingen van Christus in eschatologisch perspectief (p. 90–96):* De Ru herken – in aansluiting by Ed. Lohse en G. H. P. Thompson – 'n duidelike apokaliptiese klank in die uitdrukking *verdrukkings van Christus.* Dit is aanduiding van die eskatologiese verdrukkings, die weë, wat verbonde is aan die eindtyd, met die terugkeer van die Messias (p. 91–92).

Die agtergrond vir *ta husterêmata* vind De Ru – tereg – nie in die gnostisisme nie, maar in die Joodse Apokaliptiek. Daarom sê hy dat aan die uitdrukking *wat ontbreek aan die verdrukkings van Christus* ter grondslag lê die gedagte van die deur God bepaalde mate van verdrukkings in die eindtyd, 'n maat wat nog nie vol is nie (p. 93). Paulus se lyding dien dus om aan die verdrukkings 'n sneller einde te maak, sodat die Here des te spoediger verskyn (p. 94). Paulus dra 'n ekstra deel, en verkort só die tyd tot die terugkeer van die Here. Daarom skryf Paulus: ". . . ter wille van sy liggaam, die Kerk."

*Epiloog (p. 97–101):* In die Epiloog gee De Ru 'n kort samevatting van sy gevolgtrekking, en trek hy ook implikasies wat vir die prediking baie bruikbaar is.

*Evaluering:* De Ru se studie is van hoogstaande gehalte; sy eksegese is Skrifgetrou, wetenskaplik en duidelik. Sy aanbieding is glashelder, en hy slaag daarin om hom geheel-en-al by sy onderwerp te beperk, en die onderwerp uit te put. Uit 'n moddergat van standpunte het hy die Skrifwaarheid helder oopgedek. Hierdie werk is 'n aanwins vir elke predikant, en is vir die prediking van Kol. 1 : 24 onmisbaar. Veral die eskatologiese perspektief wat in hfst. 6 gegee word, is besonder insiggewend. – Fika van Rensburg.

Van der Walt, Jan J. 1983. *Soek die Here in sy tempel.* Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Studies. 69 p. Prys onbekend.

Dit is reeds 26 jaar gelede dat J. P. Jooste se *Kom in sy voorhowe* verskyn het en onder andere daarom moet dit verwelkom word dat daar weer 'n min of meer volledige liturgiese studie (die skrywer beoog nog twee opvolgdele) van ons kant verskyn het. Hfst. 1 bied 'n algemene inleiding; hfst. 2 doen verkenningswerk i.v.m. die herkoms van die naam liturgiek en die verskillende definisies daarvan; hfst. 3 gee aandag aan kerk en erediens en belig ook enkele karaktertrekke van 'n erediens; hfst. 4 is die langste en behandel die orde en vorme van 'n erediens.

Wat ek besonderlik waardeer is die volgende: Die skrywer het 'n warme en empatieke benadering tot die vak en die saak waarom dit gaan. Hy maak gebruik van veel eksegetiese materiaal en bring tereg nie net NTe gegewens nie maar ook OTe gegewens ter sprake. Hy lewer 'n pleidooi daarvoor dat ons voluit gebruik moet maak van die ryke variasie ten opsigte van vorm en inhoud wat die Skrif aan ons bied. Ek stem ook met hom saam t.o.v. die volgende sake: 'n besoekende predikant moet hom liefs aanpas by die plaaslike geldende liturgie (9); beide hande moet by die aanvangseën gebruik word aangesien dit ook 'n *seën* is (31) (hy het my hiervan oortuig); beurtsang, nie tussen koor en gemeente nie, maar tussen mans en vroue, is Skriftuurlik verantwoord (39); wanneer 'n Psalm voorgelees word – maar myns insiens

kan so iets moeilik liturgies verantwoord word en dialogies geplaas word – moet, waar nodig, *Heer* i.p.v. *Here* gelees word (41) ('n estetiese waarheid behoort nie op 'n dogmatiese dwaling te berus nie en omgekeerd); die mees korrekte is dat die gemeente die geloofsbelydenis staande sing of opsê (44); voorlesing uit die Skrif kan ook geskied deur 'n bekwame gemeentelid (46); so ook kan die kerkraad 'n ouderling of erkende voorganger versoek om in gebed voor te gaan (53); dit verdien sterk aanbeveling dat die *Ons Vader* minstens een maal per Sondag deur die gemeente hardop gebid word (54) en die gemeentelike *Amen*, wat ver uit die kerklike tradisie kom, kan gerus herstel word (54).

Wat kritiese kanttekeninge betref, maak ek graag die volgende opmerkinge: Ek herinner my dat S. du Toit destyds in 'n resensie van Jooste se boek die OTe titel gekritiseer het. Al is die OT onmisbaar in ons liturgiese besinning, sou 'n ander (miskien NTe) titel in hierdie geval ook meer gepas gewees het. Die woord "tempel" word deur lidmate alte maklik met 'n "kerkgebou" geassosieer. In die inleidende hfst. 1 mis ek ook Christologiese en pneumatologiese aspekte. Wat ek egter die meeste mis is die motief van die *Koninkryk van God*, wat goedskiks by hfst. 3 behandel kon gewees het. Soos wat 'n mens nie 'n *erediens* kan verstaan sonder om die *kerk* te verstaan nie, so is dit onmoontlik om die *kerk* te begryp sonder om te weet wat *Koninkryk* beteken. Dit gaan in die Godsontmoeting, gemeenteopbou en geloofsopbou ook daarom dat die lidmate toegerus word om *in die lewe van elke dag in die samelewing* die wil van God te doen. Daarom is die "liturgie op straat" soms belangriker as die "liturgie in die kerkgebou" (Matt. 9 : 13, 23 : 23).

In sy bespreking van die probleme rondom die sogenaamde "Pauliniese" en "trinitariese" beginseën, maak die skrywer hom myns insiens plek-plek skuldig aan wat genoem word dogmatiese eksegese, d.w.s. om dogmatiese leerstellings in tekste in te dra (23–27). So word die Triniteitsdogma in tekste gevind waar dit nie so duidelik aan die lig tree nie, bv. 1 Kor. 8 : 6. In verband met 2 Kor. 13 : 13 word selfs gepraat van die "drie Name" van die "Middelaar" (33)! Hierteenoor dink mens aan die mooi verklaring wat die HK 9 : 26 gee van *God die Vader* en die sober manier waarop die Skrifverwysings i.v.m. die Triniteitsdogma in NGB art. 9 aangewend word. Op ander plekke (57, 61) kan die skrywer egter op organiese wyse verwys na die werk van die Drie-enige God.

Is dit korrek om die Skriflesing as die "hoogtepunt" van 'n erediens aan te dui (48, 59)? Al is die prediking miskien nie die "eintlike" erediens nie (59) en al moet dit ook op krities-verantwoordelike wyse deur lidmate verwerk word (60), bly dit 'n probleem om van die Skriflesing as "hoogtepunt" te praat. Speel ons nie daarmee *lesing* en *prediking* teen mekaar af nie? – iets wat die Reformatore juis met hulle noue koppeling van beide wou vermy het.

Die sinodebesluit van 1955 i.v.m. die aanvangseën word foutief aangehaal (22). By die gebed voor die preek ontbreek 'n verwysing na die aspek van *lofprysing* (eulogie) wat myns insiens voorop, voor die skuldbelydenis, moet staan (55).

Die skrywer waarsku daarteen om "sonder enige skets" te preek (59), maar dit is 'n ewe groot – en selfs groter – gevaar om *sketsgebonde* te preek. Ek wil baie graag daarvoor pleit dat predikers slegs van 'n baie *kort opsomming* gebruik maak, anders lewer ons nie *preke* nie

maar hou ons *lesings*. Uiteraard moet die preek vooraf deeglik bestudeer en ook uitgeskryf word, maar dit moet spontaan en vry voorgedra word. Die preek moet in die kop wees en nie die kop in die preek nie. Ek stem saam met W. D. Jonker as hy opmerk dat "onder normale omstandighede behoort die prediker egter vry te preek, dit wil sê: sonder uitgeskrewe manuskrip waarin alles by voorbaat vasgelê is" *(Die Woord as opdrag*, 1976, 104). Natuurlik moet so 'n styl ingeoefen en ontwikkel word.

Samevattend kan ons hierdie liturgiese besinning van Van der Walt hartlik verwelkom. Predikante en lidmate kan dit met groot vrug en seën bestudeer. Ons hoop dit vind 'n wye leserskring. – JHvW.

***Boeke ontvang vir bespreking:***

Esmé Smit: *Die Brief van die Hebreërs*, NG Kerk boekhandel, Posbus 245, Pretoria, R7,50 (ANH).

B. C. Schutte, I. P. Scholtz: *Ouer, u kind! 'n Gids vir Verloofdes, studente en onderwysers*, Pro Rege, Potchefstroom. Prys onvermeld (HK).

L. Floor: *De doop met de Heilige Geest.* Kok, Kampen 1982, f 34.50 (FvW).

C. Trimp: *Ministerium. Een introductie in de reformatorische leer van het ambt.* De Vuurbaak, Posbus 189, 9700 AD Groningen. f 39.50.

P. J. de Klerk: *Abba, Vader. Gebedeboek.* KJBF Noordbrug (NvM).

D. N. G. Kotzé: *Ek blaai terug.* KJBF. Prys onvermeld (JS).

J. S. Kruger: *Studying Religion. A methodological introduction to science of religion.* Unisa 1982. R9,35 (BvW).

W. ten Haaf: *Sewentig maal sewe*, Bybelstudie in dagstukke, uitgegee vir Boufonds Geref. Kerk, Vredenburg/Saldanha, Posbus 287, Paarl. Prys R6,50. (IB).

*IRS-publikasies (PU vir CHO, Potchefstroom):*

Versamelwerk: *Venster op die huwelik.* Openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. R7,00 (CV).

L. Floor: *Kinderdoop, Grootdoop, Herdoop* (PdB).

B. Spoelstra: *Kan Geloftedag oorlewe* (GHJK).